

# Bybelvra: Ma's van die Bybel 3

## #Vraag 1:

Hierdie ma wou Johannes die Doper se kop op 'n skinkbord as geskenk vir haar dogter hê.

**Antwoord: Herodias (Matt 14:6-7)**

## #Vraag 2:

Wie se ma het 'n opdrag van die Engel van die Here gekry dat haar seun se hare nooit gesny mag word en dat hy nooit wyn of bier mag drink nie?

**Antwoord: Simson (Rig 13:5, 7, 24)**

## #Vraag 3:

Hierdie ma se seun het 'n baie groot roeping gehad: Hy sou reeds van sy geboorte al met die Heilige Gees vervul wees. Hy sou vir die koms van die Here 'n volk voorberei. Wie is die seun en die ma?

**Antwoord: Elizabeth en Johannes die Doper**

## #Vraag 4:

Watter vrou in die Bybel noem haarself die moeder in Israel?

**Antwoord: Debora (Rig 5:7)**

## #Vraag 5:

Watter ma in die Bybel is betaal om vir haar eie kind te sorg? Wie was die kind gewees?

**Antwoord: Jogebed en Moses (Gen 2:8-9; Num 26:59)**

## #Vraag 6:

Watter ma in die Bybel het 'n tweeling gehad?

**Antwoord: Rebekka (Gen 25:24)**

### **#Vraag 7:**

Watter ma se seun is deur sy broers as 'n slaaf verkoop?

**Antwoord: Ragel (Gen 30:22-24; Gen 37:27)**

### **#Vraag 8:**

Watter ma in die Bybel se seun het sy broer doodgemaak?

**Antwoord: Eva (Gen 4:1-2, 8)**

### **#Vraag 9:**

Watter vrou in die Bybel se skoondogter was baie lief vir haar gewees?

**Antwoord: Naomi (Rut 1:14-16)**

### **#Vraag 10:**

Hierdie ma het elke jaar vir haar seun 'n manteltjie gemaak en vir hom geneem waar hy in die tempel van die Here gewerk het. Wie was die ma en die seun gewee?

**Antwoord: Hanna en Samuel (1 Sam 2:19, 21)**

### **#Vraag 11:**

Hierdie ma het gelag toe die Engel van die Here vir haar sê dat sy 'n kind gaan hê.

**Antwoord: Sara (Gen 18:13-14)**

### **#Vraag 12:**

Hierdie ma het die hele koningsgeslag uitgeroei toe sy hoor haar seun is dood.

**Antwoord: Atalia (2 Kon 11:1)**

### **#Vraag 13:**

Watter twee mans se ma het vir Jesus gevra of hulle langs Hom in Sy Koningkryk mag sit?

**Antwoord: Jakobus en Johannes (Matt 20:20-21)**

### **#Vraag 14:**

Uit watter vrou het God gesê sou nasies en konings van volke uit gebore sou word?

**Antwoord: Sara (Gen 17:16)**

### **#Vraag 15:**

Hierdie ma het gesterf tydens die geboorte van haar tweede kind.

**Antwoord: Ragel (Gen 35:18)**

### **#Vraag 16:**

Wie word die moeder van al die mense genoem?

**Antwoord: Eva (Gen 3:20)**

### **#Vraag 17:**

Paulus het hierdie ma en haar dogter geprys vir hulle opregte geloof. Wie was die ma en dogter gewees?

**Antwoord: Lois en Eunice (2 Tim 1:5)**

### **#Vraag 18:**

Wie se skoonma het Jesus gesond gemaak?

**Antwoord: Petrus (Luk 4:38-39)**

### **#Vraag 19:**

Wie se seun het vir haar liefdesappels gebring om te eet?

**Antwoord: Lea (Gen 30:14)**

### **#Vraag 20:**

Wie se ma het hom met 'n vrou uit Egipte laat trou?

**Antwoord: Ismael (Gen 21:11-21)**